

## **Sing vooraf staande: Psalm 139:7, 8 (p. 675)**

- 7 U oog sien in die dieptes neer, / U 't my gebeente<sup>o</sup>aanskou, o HEER,  
toe ek, van mense ongemerk, / soos kunsborduursel fyn bewerk,  
gemaak is in die aarde onder – / 'n toonbeeld van u skeppingswonder.
- 8 U het, daar niks u blik weerhou, / my ongevormde klomp aanskou.  
U wysheid, HEER, wat nimmer faal, / het my geboortestond bepaal;  
voor iets van my 't begin te lewe, / was alles in u boek geskrewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 147:1, 3 (p. 705)**

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!  
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!  
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou  
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 3 Sing daarom voor die HEER u dank, / psalmsing Hom by die siterklank!  
Hom wat die lug met wolke<sup>o</sup>oorsprei / en vir die aarde reen berei,  
wat op die berge gras en kruid, / die voedsel vir die vee laat spruit,  
die rawe-nes op milde wys / versorg, wanneer dit roep om spys.

**Gebed**

## **Psalm 8:3, 4 (p. 30)**

- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!  
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

**Skriflesing:** Genesis 1:26-2:7; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14

**Kernvers:** Genesis 1:26-28

**Toe het God gesê:** “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”

**God het toe die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.**

**Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê:** “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.” (Genesis 1:26-28 AFR83)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 14 – Die Skepping van die Mens, die Sondeval en die Gevolge daarvan**

*Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp. Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien. Hy het deurdadig in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortrefflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor, en hy het niks anders*

daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontnem. Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: **“En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie”** (Joh 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as ’n slaaf van die sonde is nie en: **“n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie”** (Joh 3:27). Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: **‘Niemand kan na My kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie’** (Joh 6:44)?

Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat **‘... wat die vlees bedink, vyandskap teen God is’** (Rom 8:7)?

Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Kor 2:14)?

Kortom: Wie sal ook maar op ’n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onself nie bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Kor 3:5)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak hulle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Fil 2:13).

Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as hy sê: **‘Sonder My kan julle niks doen nie’** (Joh 15:5).

1 Pet 2:9; Pred 12:7; Ps 8:5; 489:21; Jes 59:2; Gen 3:17, 19; Pred 7:30; Rom 5:12; Joh 8:7; Efes 4:24; Rom 12:2; 3:10; 8:6; Hand 14:17; Rom 1:20-21; Hand 17:27; Efes 4:18; 5:8; Joh 1:5; Ps 37:9; Jes 26:12; Ps 94:11; Rom 8:3; 1 Kon 20:9; Ps 28:8; Jes 45:25; Joh 3:27; 6:44 (1 Kor 2:14); 2 Kor 3:5; Fil 2:13.

### **Tema: God het ons geskape om sy beeld te wees en te bly**

Oor die skepping van die mens is daar al baie gesê en geskryf, geliefdes. Selfs uit die natuurwetenskappe het daar al baie verklarings gekom oor die ontstaan van die mens. Ons gaan nie vanaand beoordeel of daardie verklarings reg of verkeerd is nie. Wat ons wel ten opsigte van die natuurwetenskappe moet sê, is dit: Dieselfde God wat Hom in die natuur openbaar, openbaar Hom ook in die Skrif. Die natuurwetenskaplike vermeerder sy kennis deur die natuur te ondersoek, en daar in sy skeppingswerk maak die Here Homself as God bekend. Dieselfde God wat in die natuur met die mens praat, praat in die Skrif ook met die mens op ’n besondere en nog duideliker manier. Daarom moet ons die gedagte dat die vonds van die natuurwetenskappe die Skrif weerspreek, verwerp. God sal en kan Homself nie weerspreek nie.

Aangesien God op ’n besondere en duideliker manier in die Skrif met die mens praat, moet die Christen versigtig wees om op grond van Genesis 1 en 2 te meen dat die natuur-wetenskaplikesheidens is met hulle verklarings. Hoe die vonds van die natuurwetenskappe by die skeppingsverhaal in die Skrif inpas, is nie vir ons duidelik nie. Ons kan ook nie die Skrif vra om antwoorde op hierdie vraag te gee nie. Die Skrif is immers nie ’n handboek oor die wetenskap nie. Die Skrif is God se Woord waarin Hy Homself aan ons openbaar vir sover Hy wil hê dat ons Hom moet ken as die enigste, lewende God. En in Genesis 1 en 2 openbaar die Here Hom as die Skepper van alle dinge, ook van die mens. Naas dit wat God oor Homself openbaar in die Bybel, openbaar Hy ook iets oor die mens. In die Bybel praat God met mense, sodat sy mense Hom en hulleself sal ken.

Geliefdes, ons het by Artikel 12 daarop gelet dat ons Drie-enige God die Skepper van alle dinge is. Vanaand wil ons in besonder stilstaan by die skepping van die mens en God se doel met die skepping van die mens.

Daar is twee dinge wat baie opvallend is by die skepping van die mens. Die eerste: Soos wat God al die ander skepsels in sy skepping geskep het, so het Hy ook die mens geskep. En die tweede: God het die mens nie op presies dieselfde manier as die ander skepsels geskep nie. Dit klink asof die

twee sake mekaar weerspreek, maar tog is dit nie so nie.

Kom ons luister weer na die eerste stelling: Soos wat God al die ander skepsels in sy skepping geskep het, so het Hy ook die mens geskep. Van die eerste vers af in die Bybel hoor ons dat God die Skepper is. Hy het die hemel en die aarde geskep. Daarna het Hy die lig geskep en die water en die droë grond van mekaar geskei. Hy het die visse en die ander seediëre geskep asook die plante en die bome en die diere wat op die aarde kruip. Uit die grond van die aarde het die Here al die wilde diere en die voëls gevorm. Soos wat God die Skepper is van al hierdie dinge, net so is Hy alleen ook die Skepper van die mens. Die Here het ook uit die stof van die aarde die mens gevorm. Dit wil sê, soos wat God al die ander skepsels in sy skepping geskep het, so het Hy ook die mens geskep. Die mens het dus beslis nie langs die proses van evolusie ontstaan, soos wat daar beweer word nie.

Maar daar is tog ook 'n baie duidelike verskil tussen die skepping van die ander skepsels en die skepping van die mens. Daarom die tweede stelling: God het die mens nie op presies dieselfde manier as die ander skepsels geskep nie. By al die ander skepsels het God net gepraat en die skepsels het te voorskyn gekom. Soos 'n koor klink dit elke keer in Genesis 1: **Toe het God gesê ... So het dit gebeur** (Genesis 1:6 AFR83). Maar wanneer God op die sesde dag na die skepping van al die diere weer praat, sê Hy nie: *Laat die aarde die mens voortbring*, nie. Nee, wanneer God op die sesde dag vir 'n tweede keer praat, praat Hy met Homself en sê: **Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger ...** (Genesis 1:26 AFR83). God beraadslaag eers met Homself en dit het Hy nie gedoen toe Hy die ander dinge geskep het nie. Dit bewys hoe besonders die skepping van die mens is.

Die *Ons* in vers 26 is God self en nie God en die engele nie, want in vers 27 sê die Heilige Gees: **God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep** (Genesis 1:27 AFR83). In die hele Genesis 1 is dit tog net God self wat aan die werk is. Daarom is die *Ons* van vers 26 God self. Die *Ons* dui daarop dat daar 'n onderskeiding in God is. Maar die onderskeid word eers in die Nuwe Testament aan ons duideliker geopenbaar, naamlik die *Ons* is die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is dan die eerste verskil tussen die skepping van die ander dinge en die skepping van die mens. God beraadslaag eers met Homself voordat Hy die mens skep.

Die tweede verskil is dat die Heilige Gees elke keer nadat God geskep het, sê: **En God het gesien dit is goed** (Genesis 1:25 AFR83). Maar nadat Hy die mens geskep het, sê die Gees: **Toe het God na alles gekyk wat Hy gemaak het, en dit was baie goed** (Genesis 1:31 AFR83). Eers nadat die mens geskep is, is alles baie goed. Nou is die skepping eers voltooi. Sonder die mens was die skepping nog nie volmaak nie. Hierin sien ons dat die mens die hoogtepunt, die kroon van God se skepping is. Die hele skepping is toegespits op die mens, maar dit is 'n mens wat geskep is om God te dien en in gemeenskap met Hom te lewe.

Die derde verskil is dat God lewensasem in die neus van die mens geblaas het nadat Hy hom geskep het. Toe die diere geskep is, het God gesê: **Laat die aarde lewende wesens voortbring** (Genesis 1:24 AFR83). God het die diere uit die grond van die aarde gevorm en hulle het gelewe. Maar by die mens is dit anders. God het die mens uit die stof van die aarde gevorm. En nadat Hy hom gevorm het, het Hy eers die lewensasem in sy neus geblaas. Op 'n besonders intieme wyse het die Here lewe aan die mens gegee. Dit wil sê, geliefdes, op grond van hierdie drie verskille kan ons sê: God het die mens nie op presies dieselfde manier as die ander skepsels geskep nie.

Broers, susters en kinders, die andersheid van die mens as skepping van God is dat hy nie maar net nog 'n skepsel, nog 'n ding is saam met al die ander dinge wat God geskep het nie. God het die mens as sy verteenwoordiger, as sy beeld geskep. Net die mens is so geskep. Miskien moet ons net eers sê wat *beeld van God* nie beteken nie. Die mens verteenwoordig God soos 'n beeld 'n mens verteenwoordig: Die beeld van die mens is nie menslik nie; die mens as beeld van God is nie goddelik nie. As ons dan sê dat God die mens as sy verteenwoordiger, as sy beeld geskep het, sê

ons nie dat die mens 'n klein godjie is nie.

Tussen God en die mens is daar 'n wesentliche verskil. Die mens is vir sy bestaan geheel en al afhanklik van God. Die mens kan net so min op sy eie bestaan as wat 'n skaduwee op sy eie kan bestaan. Elke sekonde van die dag ontvang die mens sy lewe van God.

Maar daar is ook 'n groot ooreenkoms tussen God en die mens. Die mens is die verteenwoordiger van God – sy beeld. In die eerste mens wat God geskep het, het God alles gegee sodat die mens waaragtig beeld van Hom kan wees. Hy het die mens goed geskep. Daar was geen tekort of gebrek aan die mens nie. Liggaamlik en geestelik was die mens volmaak beeld van God. Dit wil nie sê dat die mens 'n liggaam soos God het nie, want God is geestelik. Hy het nie 'n liggaam nie. Maar deur sy geestelik innerlike lewe was die mens volmaak beeld van God en dit het duidelik geword in sy liggaamlike lewe. God wil Homself immers sienlik maak in sy skepping, daarom is die mens sy beeld.

Nou moet ons nie die fout maak om te sê dat man en vrou saam eers beeld van God is nie. Die man sowel as die vrou is beeld van God. Adam was volmaak beeld van God en Eva was volmaak beeld van God. Daarom stel God nie net in die mens as groep belang nie. God heg besondere waarde aan elke mens. Elke mens is die beeld van God. Adam en Eva was persoonlik voor God verantwoordelik om beeld van God te wees. Hulle moes volmaak heilig voor God lewe, Hom volmaak ken en Hom alleen liefhê en dien in alles wat hulle doen en sê. En hulle kon dit doen, want God het hulle goed geskep. Hy het hulle na sy beeld geskep. Adam en Eva se wil het voor die sondeval volmaak ooreengestem met God se wil, want hulle is sonder sonde geskep. Hulle was volmaak heilig.

Adam en Eva het ook volmaakte kennis gehad. Hulle het geweet dat hulle en die hele skepping geheel en al van God afhanklik is. Daarom het hulle geweet om reg en heilig te lewe, ook in hulle verhouding met mekaar as mense en in hulle verhouding met die res van die skepping. Elkeen van hulle moes die beeld van God teenoor mekaar duidelik laat skitter het. In hulle heerskappy oor die skepping, hoe hulle met die plante en die diere gewerk het, moes die beeld van God in elkeen van hulle duidelik wees. Hulle optrede moes wys: So maak God, want hulle voer God se wil volmaak uit. En weereens, hulle kon dit doen, want God het hulle volmaak regverdig geskep.

Maar geliefdes, die mens het nie so volmaak gebly nie. So openbaar die Heilige Gees dit aan ons in die volgende hoofstukke van die Bybel. In plaas daarvan dat die mens volmaak beeld van God gebly het, het hy eerder die beeld van God in homself afgebreek en verwoes, maar tog nie totaal vernietig nie. Ons bely daar is nog klein oorblyfsels van God se beeld in die sondaar. Na die sondeval sê God immers dat die mens steeds die beeld van God is, hoewel dit nie meer volmaak is nie. Opstandig het die eerste mens homself teen God verhef en eerder die Satan gehoorsaam as vir God die almagtige. Met hierdie rebellie het die mens uit die hoë posisie as volmaakte beeld van God in die sonde geval.

Van Adam af is elke mens maar 'n swak verteenwoordiger en beeld van God. Deur die sonde word 'n mens verwaand teenoor God en word hy 'n opponent van God in plaas van 'n verteenwoordiger. In plaas daarvan om gehoorsaam aan sy Skepper en sy God te leef, meen die mens hy weet beter as die Here. Die mens dink hy kan sy eie besluite neem en onafhanklik van die Here lewe. Die mens wil soos God wees.

En geliefdes, waarin het hierdie eiewyse mens homself nie gedompel nie! In plaas daarvan dat die mens oor die skepping moet heers soos God wil hê, word hy 'n slaaf van die skepping. Met sy eiewyse besluite meen die mens dat die stand van die sterre 'n invloed op sy lewe hier op aarde het. In plaas daarvan dat die mens oor sy begeertes moet heers, word hy 'n slaaf daarvan. As eiewyse mens kan jy nie meer uit jouself selfbeheersd lewe nie. Nee, jy laat jou deur jou begeertes en drange voortdryf na 'n put sonder bodem. Geliefdes, in plaas daarvan dat die mens as koning oor die hele skepping in verantwoordelikheid voor God heers, gaan lê hy voor die natuur se harde eise en buig hy voor die skepping. Die mens wat so iets doen, is die een wat sê: Ek is uitgelewer aan die natuur se

gang en ek is 'n produk van die samelewing. So 'n mens wil nie beeld van God wees nie.

Maar die eiewyse mense word nie almal slawe van die skepping nie. Deur sy eiewyse houding word die mens ook inhaalig. In plaas daarvan om oor die skepping te heers en dit te bestuur, wil hy net gryp en vat. Die sonde maak die mens iemand wat net wil inpalm en uitbuit so ver hy gaan. In plaas daarvan om 'n herderlike regeerder te wees wat vir ander mense en vir die hele skepping sorg dra, word die mens 'n tiran. In sy verhouding met ander mense is die mens heeltyd op die uitkyk waar hy homself kan bevoordeel en verryk. Selfs in sy verhouding met sy lewensmaat word die mens eerder gelei deur selfsug as deur liefde. Ook so 'n mens wil nie beeld van God wees nie, want hy wil nie erken dat ook die ander mense beeld van God is nie.

Geliefdes, al hierdie dinge openbaar die Here ons God aan ons in sy Woord. Hy leer ons hoe en wie Hy is, naamlik die almagtige God wat alles geskep het en onderhou en regeer. Hy sê aan ons dat Hy die mens geskep het, goed en volmaak volgens sy beeld as sy verteenwoordiger. En hierdie mens is God se mens. Selfs na die sondeval sê die Here dat die mens steeds beeld van God is, hoewel hierdie beeld verwoes is en aan skerwe lê.

Alhoewel die mense al hierdie dinge gedoen het, laat God die mens nog steeds nie los nie. Hierdie mense is immers nie maar net nog dinge tussen al die dinge wat God geskep het nie. Hierdie mense is God se mense aan wie Hy op 'n baie intieme manier die lewe gegee het. Hulle is God se mense aan wie Hy 'n besondere opdrag gegee het. En as die mens nie beeld van God wil wees nie, beteken dit nie dat God ook nou opgee nie. Deur die hele Ou Testament heen beskryf die Heilige Gees aan ons die bemoeienis wat God met sy mense maak. Die hele Ou Testament beskryf die geskiedenis van hoe God sy mense opsoek en vashou. Deur sy Gees gryp God dié mense in die hart, in die verstand en aan die hand.

Maar deur al hierdie sorgsame werk van God versoen die mens hom nie met God nie, want hy kan dit nie doen nie. Die mens kan nie self die verskeurde verhouding met God herstel nie. Daarom het die Here ons God reeds by die sondeval aan die mens sy genade bewys. Daar het Hy belowe dat Hy die saad van die vrou sal stuur om die kop van die slang te vermorsel. En God het die saad gestuur. Hy het sy eie Seun 'n ware mens laat word, onderwerp aan al die sorg en verdriet waaraan God se mense hulleself onderwerp het. Jesus Christus het in alles gelyk geword aan die mense van God, behalwe die sonde.

En toe Christus, ons Middelaar, gekom het, het Hy nie begin om die aarde te herskep nie. Hy het nie eers begin om die lig, visse, diere en plante nuut te maak nie. Christus begin om die kroon van God se skepping, God se mense te herskep. Met sy dood aan die kruis versoen Hy God met die mense van God. Na sy opstanding en hemelvaart stuur Hy sy Gees om in die verlore mense van God te lewe en te werk. Nou maak Christus ons nuut deur sy Gees en Woord. In sy Woord openbaar die Here aan ons hoe volmaak Christus die beeld van God is. Deur sy Gees omvorm die Here Jesus ons nou, want almal wat God tevore gekies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun.

So is God vandag steeds besig om bemoeienis met sy mense te maak, met ons wat Hy geskep het. Deur sy Gees en Woord stel die Here ons in staat om van vooraf te lewe soos wat Hy bedoel het met ons, naamlik as sy verteenwoordigers en sy beeld. So 'n lewe veronderstel dat ons God werklik reg sal ken soos Hy Hom aan ons openbaar, soos gesalfde profete; dat ons Hom van harte sal liefhê soos gesalfde priesters, en dat ons Hom sal dien soos gesalfde konings. Dan sal ons weet dat ons en alle dinge in die skepping diep afhanklik is van God. Ons sal dan herderlik kan regeer oor die skepping wat die Here aan ons gegee het. En as konings sal ons teen die vyande van God met 'n goeie gewete stry. As beeld van God sal ons diensbaar lewe teenoor alle mense en teenoor die hele skepping.

Om regtig as verteenwoordiger en beeld van God te lewe, skiet ons wel nog ver tekort. Maar die besef dat Christus, ons Verlosser en Here, ons deur sy Gees en Woord aanhoudend omvorm tot die beeld van God, oorweldig ons en wek in ons die begeerte om elke dag opnuut te begin.

Geliefdes, in Genesis 1 en 2 openbaar God Hom as Skepper en Onderhouer van alle dinge, ook van die mens. Hier praat Hy met sy mense, sodat hulle Hom en hulleself kan leer ken. En Hy sê dat Hy ons geskep het om sy beeld te wees. Laat ons dan nou ophou breek en verwoes aan die beeld van God. En mag die Gees so in ons werk dat Christus ons waarlik sal omvorm tot die beeld van God soos wat God wil hê ons moet wees.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 86:2, 6 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,  
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.  
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;  
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
4 November 2012